higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROSESTEGNOLOGIE
NKR VLAK 2

(6050342)

8 November 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke vraag op 'n SKOON bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

NC(O)

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf in die ANTWOORDBOEK slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5). Verbeter die stelling as dit ONWAAR is.

1.1 Hoofproses is die etiket waarmee pype op PVD's aangedui word.

1.2 Staalpype het 'n goeie korrosieweerstand en is uitermate lig.

1.3. Die grootste deel van 'n klep word die bedding genoem.

1.4 'n Diafragmapomp is 'n soort draaipomp.

1.5 Finale produkte word opgeberg sodat dit later hergebruik of van ontslae geraak kan word.

(5 x 2) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Wat is die ander benaming vir 'n prosesvloeidiagram? (2)

2.2 Noem TWEE rekenaarprogramme waarmee PVD's geteken word. (2)

2.3 Teken elk van die volgende klepsimbole:

2.3.1 Keerklep

2.3.2 Drierigtingklep

(2 x 2) (4)

2.4 Noem SES soorte standaardkeerkleppe wat in die bedryf teëgekom word. (6)

2.5 Noem SES skeidingsprosesse wat in bedrywe gebruik word. (6)

2.6 Stortsels ('Spillages') kom vry algemeen in trilsiwwe voor.

2.6.1 Definieer *stortsels*.

2.6.2 Beskryf die oorsaak van stortsels in siwwe.

(2 x 2) (4)
[24]

VRAAG 3

3.1	Definieer 'n sentrifugale pomp.		(2)
3.2	Tref 'n onderskeid tussen enkelstadium- en meertrap- sentrifugale pompe.	(2 + 2)	(4)
3.3	Noem VYF toepassings van wiekpompe.		(5)
3.4	Skryf kort aantekeninge oor vervoerbande.		(7)
			[18]

VRAAG 4

4.1	Noem SEWE oorsake wat produkte agteruit laat gaan ('deteriorate').		(7)
4.2	Skryf kort aantekeninge oor elk van die volgende:		
	4.2.1 Grondstowwe		(4)
	4.2.2 Neweprodukte		(3)
4.3	Noem VIER voordele van horisontale en vertikale tenks.		(4)
			[18]

VRAAG 5

5.1	Definieer filtrering.		(2)
5.2	Tref 'n onderskeid tussen gravitasiefiltrering en absorpsiefiltrering.	(2 + 2)	(4)
5.3	Noem AGT onderdele van 'n stadige sandfilter.		(8)
5.4	Verduidelik die afsakkingproses in 'n afsaktenk.		(4)
5.5	Noem VYF faktore wat die afsakproses belemmer.		(5)
5.6	Waarom is die skywe van sentrifuges keëlvormig?		(2)
5.7	Noem VYF toepassings van heenvloeisiklone.		(5)
			[30]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou